

 <b>Hoërskool STELLENBERG</b> High School		<b>TAALBELEID</b>	
<b>Handtekening BL voorsitter:</b>		<b>Goedgekeur op:</b>	8 Maart 2023

## 1. INLEIDING

- 1.1 Hoërskool Stellenberg (die "Skool") is 'n openbare skool vir seuns en dogters, met Regspersoonlikheid<sup>1</sup>, waarvan die beheer aan sy skoolbeheerliggaam (die "SBL")<sup>2</sup> toevertrou is.
- 1.2 Die SBL is by magte om die taalbeleid van die Skool te bepaal, onderhewig aan toepaslike statutêre bepalings.
- 1.3 Die Skool streef daarna om tweetaligheid in Afrikaans en Engels aan te moedig, en om beide taalgroepeerings in 'n hegte gemeenskaplike skoolgemeenskap saam te snoer waarin blootstelling aan beide tale en kulture almal verryk.
- 1.4 Die beste belang van 'n leerder is van uiterste belang en daarom sal dié belang 'n deurslaggewende rol speel by die formulering van die Skool se taalbeleid.
- 1.5 Die taalbeleid van die Skool sal 'n beduidende en noodsaaklike rol by die toelatingsaansoek van 'n leerder speel. Waar nodig, word die taalbeleid en die toelatingsbeleid van die Skool saamgelees.
- 1.6 Daarom verklaar die SBL die volgende beleid as die taalbeleid van die Skool (die "Taalbeleid"), in die oortuiging dat die bepalings daarvan in ooreenstemming is met die wetlike raamwerk hieronder.

## 2. WETLIKE RAAMWERK

- 2.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) en enige wysigings daartoe ("die Grondwet");
- 2.2 Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en enige wysigings daartoe ("Skolewet" of "SASW");
- 2.3 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Nr. 27 van 1996 en enige wysigings daartoe;
- 2.4 Wes-Kaap Provinsiale Wet op Skoolonderwys (Wet 12 van 1997) en enige wysigings daartoe ("WKPWOS");
- 2.5 Die Promosie van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3 van 2000);

<sup>1</sup> Artikel 15 van die SASW; Artikel 15 van die WKPWOS

<sup>2</sup> Artikel 16 van die SASW; Artikel 13 van die WKPWOS

- 2.6 Toepaslike ander wetgewende - en beleidsgesag wat onderrig, leer en onderwys binne Suid-Afrikaanse openbare skole reguleer en regeer;
- 2.7 Toepaslike regspraak wat betrekking het op taalbeleid en onderwys/onderrig in Suid-Afrika;
- 2.8 Die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders;
- 2.9 Die "African Charter on the Rights and Welfare of Children";
- 2.10 Die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997; en
- 2.11 Die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

### **3. FAKTORE IN AG GENEEM BY DIE OPSTEL VAN DIE TAALBELEID**

- 3.1 Met die opstel van die Taalbeleid van die Skool is die volgende faktore in ag geneem:
  - 3.1.1 die belange van die leerders;
  - 3.1.2 die belange van die skoolgemeenskap;
  - 3.1.3 die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is, welke gemeenskap oorwegend Afrikaans- en Engelsprekend is;
  - 3.1.4 die vermoë van die Skool;
  - 3.1.5 die hulpbronne en personeel waaroor die Skool beskik; en
  - 3.1.6 internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal-van-onderrig-en-leer, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig.
- 3.2 Die Skool handhaaf tans 'n balans van ongeveer 60/40 tussen Afrikaans - en Engelsprekende leerders.

### **4. TAAL VAN ONDERRIG EN LEER**

- 4.1 Die Skool is daartoe verbind om kwaliteitonderrig en -opvoeding te verskaf en besef dus dat die taal-van-onderrig-en-leer ("TvOL") 'n deurslaggewende rol by akademiese, kulturele en sportprestasies speel.
- 4.2 Die Skool is:
  - 4.2.1 'n parallelmedium skool (Afrikaans of Engels) in graad 8 tot graad 9; en
  - 4.2.2 'n dubbelmedium skool (Afrikaans en Engels) in graad 10 tot graad 12.
- 4.3 Dit beteken dat onderrig in graad 8 tot graad 9 in óf Afrikaans óf Engels, na gelang van die moedertaal/huistaal van die leerder, aangebied word. Onderrig in graad 10 tot graad 12 word op 'n dubbelmediummodel aangebied waarvolgens afwisselend (50/50) gedurende 'n periode in Afrikaans en Engels onderrig word.

- 4.4 Die tale wat as vakke aangebied word is:
- |   |               |
|---|---------------|
| 4.4.1 Afrikaans Huistaal                | Graad 8 – 9   |
| 4.4.2 Afrikaans Eerste Addisionele Taal | Graad 8 – 9   |
| 4.4.3 Engels Huistaal                   | Graad 8 – 9   |
| 4.4.4 Engels Eerste Addisionele Taal    | Graad 8 – 9   |
| 4.4.5 isiXhosa Tweede Addisionele Taal  | Graad 8 – 9   |
| 4.4.6 Duits Tweede Addisionele Taal     | Graad 8 – 9   |
| 4.4.7 Afrikaans Huistaal                | Graad 10 – 12 |
| 4.4.8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal | Graad 10 – 12 |
| 4.4.9 Engels Huistaal                   | Graad 10 – 12 |
| 4.4.10 Engels Eerste Addisionele Taal   | Graad 10 – 12 |
| 4.4.11 isiXhosa Tweede Addisionele Taal | Graad 10 – 12 |
| 4.4.12 Duits Tweede Addisionele Taal    | Graad 10 – 12 |
- 4.5 Die keuse van huistaal, hetsy Afrikaans of Engels, moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating by die Skool. Leerders kan beide tale as huistaal kies.

## **5. ALGEMENE BEPALINGS EN WAARDES VAN DIE SBL TEN OPSIGTE VAN DIE TAALBELEID**

Die SBL herken en erken die volgende algemene bepalings en waardes, naamlik:

- 5.1 dat alle leerders van die Skool oor die nodige taalvervaardigheid in Afrikaans en Engels moet beskik ten einde aan die Skool se onderrig en aktiwiteite deel te neem;
- 5.2 dit nie in die beste belang van die leerder is om 'n TvOL te kies indien die leerder se taalvaardigheid (tans/voornemend) tot sodanige mate ongenoegsaam is om op 'n akademiese -, sport - en kulturele vlak te presteer nie;
- 5.3 daar onbillik teen leerders wat taalvaardig is in die TvOL van die Skool, gediskrimineer word indien die onderrig van hierdie leerders vertraag word weens die toepassing van spesiale taalvaardigheidsprogramme of die toedeling van addisionele tyd aan 'n leerder wat nie taalvaardig in die TvOL van die Skool is nie;
- 5.4 geen leerder deur ander leerders se keuse van 'n ander taal, wat nie deel van TvOL of die onderrig van ander taalvakke is nie, benadeel sal word nie; en
- 5.5 dat volgens die menslike en fisiese hulpbronne van die Skool, die Skool ten beste toegerus is vir die onderrig- en leerbehoefes van leerders wat Afrikaans en Engels magtig is en hierdie tale as die keuse vir die TvOL uitgeoefen het.

## **6. VEELTALIGHEID**

- 6.1 Alle leerders word in graad 8 aan isiXhosa en Duits blootgestel.
- 6.2 In graad 9 kan leerders tussen isiXhosa en Duits kies.
- 6.3 isiXhosa en Duits word as keusevak (tweede addisionele taal) in graad 10 tot graad 12 aangebied.

## **7. TAAL VAN ASSESSERING**

Leerders se werk word geassesseer in die huistaal van die leerder, behalwe vir die vakke: Eerste Addisionele Taal, Engels Addisionele Taal, Duits en isiXhosa.

## **8. TAAL VAN KOMMUNIKASIE**

Alle kommunikasie of korrespondensie deur die Skool word op 'n dubbelmediumbasis (Afrikaans en Engels) onderneem. Dit beteken dat enige amptelike brief of skrywe gedeeltelik in beide Afrikaans en Engels aan ouers of voogde gekommunikeer sal word.

## **9. HERSIENING VAN BELEID**

Die SBL onderneem om jaarliks die taalbeleid te hersien en wysigings aan te bring soos omstandighede daartoe aanleiding gee.